BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

EIENDOMSBELASTING BELEID

INDEKS

DEEL 1 DOELWIT

DEEL 2: FREKWENSIE VAN BELASTINGS

DEEL 3: REGSTEL VAN FOUTE EN UITLATINGS

DEEL 4: FREKWENSIE VAN WAARDASIES

DEEL 5: BYLAE : WETLIKE VEREISTES

DEEL 1

DOELWIT

Met die saamstel en goedkeuring van die belastingbeleid, het die Raad gepoog om uiting te gee aan die volgende sentimente, naamlik dat:

- die Grondwet gelas plaaslike regering om ontwikkelend op te tree wanneer dienslewering prioriteite in die land aangespreek word en om die ekonomiese en finansiële lewensvatbaarheid van munisipaliteite, te bevorder.
- Daar 'n behoefte is om plaaslike regering toegang te verleen tot 'n voldoende en florerende bron van inkomste ten einde sy ontwikkelingsverantwoordelikhede na te kom;
- Inkomste verkry uit erfbelasting verteenwoordig 'n kritiese bron van inkomste vir munisipaliteite ten einde hulle grondwetlike doelwitte te bereik, veral op gebiede wat in die verlede afgeskeep is weens rasse diskriminerende wetgewing en praktyke; en
- Dit is noodsaaklik vir munisipaliteite om hul mag uit te oefen om belastings te hef binne 'n wetlike raamwerk wat sekerheid, eenvormigheid en eenvoudigheid uitlig dwarsoor die land en wat die ongelykhede van die verlede en die las van belasting op armes, in ag neem.

Die Raad moet, as deel van elke jaarlikse bedryfsbegroting, 'n koers in die rand bepaal op grond van markwaarde ten opsigte van alle belasbare eiendom soos aangeteken in die munisipaliteit se waardasielys en aanvullende waardasielys. Belasbare eiendom moet ook alle regte geregistreer teen sodanige eiendom insluit, met die uitsondering van die huisverband.

Die Raad is daartoe verbind om elke jaarlikse verhoging sover prakties moontlik te beperk in verhouding tot die verbruikers-prysindeks oor die tydperk wat die finansiële jaar, waarmee die verhoging verband hou, voorafgaan, behalwe waar die goed-gekeurde geintegreerde ontwikkelingsplan van die munisipaliteit voorsiening maak vir 'n groter verhoging.

Wanneer die Raad die koers bepaal vir elke finansiële jaar, moet behoorlik rekenskap gehou word met die gesamentlike las van belastings en diensteheffings op erfeienaars in die verskillende kategerieë van eienaarskap asook die mate waartoe hierdie 'n las is of

kompeterend is met die las by ander munisipaliteite binne die plaaslike ekonomiese omgewing.

Die Raad moet voorts, wanneer die koers bepaal word vir elke finansiële jaar, toesien dat die gesamentlike begrote inkomste afkomstig vanaf eiendombelasting, minus inkomste reeds ontvang en minus enige bydraes vir die voorsiening van slegte skuld, gelykstaande is aan ten minste 20% (twintig persent) van die munisipaliteit se gesamentlike begrote netto inkomstes vir die betrokke finansiële jaar. Sodoende sal die munisipaliteit verseker dat sy inkomstebasis en die inbaarheid van inkomstes, op 'n stewige grondslag bly.

Met die instel van die koers in die rand tydens elke jaarlikse bedryfsbegroting komponent, kan die Raad vrystellings, rabatte en verminderings toestaan aan die volgende kategorieë van eiendom en kategorieë van eienaars hieronder aangedui, maar die Raad behou die reg om hierdie vrystellings, rabatte en verminderings te wysig afhangende van die omstandighede tydens 'n spesifieke jaarlikse begroting.

- Residensiele eiendom.
- Industriële eiendom.
- Besigheids- of handelseiendom.
- Landbou eiendom.
- Staatseiendom
- Munisipale eiendom
- Eiendom in die besit van 'n welsyn- of sportorganisasies en wat gebruik word om die doelwitte van die organisasies te bevorder.
- Eiendom geregistreer in die naam van en gewoonlik gebruik as 'n plek van aanbidding deur 'n godsdienstige gemeenskap, insluitend die amptelike woning
- Eiendom geregistreer in die naam van 'n sending genootskap.
- Eiendom wat voor 5 Desember 2000 nie belasting betaal het nie.
- Eiendom geregistreer in die naam van 'n persoon wat bewys kan lewer dat 'n staatsouderdonspensioen aan hom/haar toegestaan word.

Munisipale eiendomme sluit in alle eiendomme wat deur munisipale entiteite besit word.

Die Raad staan die bogenoemde rabatte toe uit erkenning vir die volgende faktore:

- die onvermoë van residensiële erfeienaars om die las van belasting oor te dra in teenstelling met die vermoe van eienaars van besigheids-, handels-, nywerheids- en sekere ander eiendomme, om belastings te verhaal as deel van die uitgawes geassossieer met die lewering van dienste en goedere wat hulle produseer.
- Die behoefte om hulpbehoewendes en minder gegoede pensionarisse tegemoet te kom.
- Die dienste gelewer deur openbare diensorganisasies aan die gemeenskap.
- Die waarde wat landbou aktiwiteite vir die plaaslike ekonomie inhou tesame met beperkte munisipale dienste beskikbaar vir sodanige aktiwiteite, maar in agneming van die munisipale dienste wat verskaf word aan munisipale inwoners wat in diens is van sodanige aktiwiteite.
- Die behoefte om die kulturele erfenis van die plaaslike gemeenskap te bewaar.
- Die behoefte om die uitbreiding van die openbare dienste infrastruktuur aan te moedig.
- Die onmiskenbare bydrae wat eiendomsontwikkelaars (veral met betrekking tot handels- en nywerheidseiendom ontwikkeling) maak ten opsigte van plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die deurlopende behoefte om sodanige ontwikkeling aan te moedig.

Die munisipale bestuurder moet toesien dat inkomste afgestaan ten opsigte van die voorafgaande rabatte, toepaslik bekendgemaak word tydens elke jaarlikse bedryfsbegroting en in die jaarlikse finansiële state en jaarverslag en dat sodanige rabatte ook duidelik uiteengesit word op die belastingrekeninge wat aan elke eiendomseienaar gestuur word.

DEEL 2

FREKWENSIE VAN BETALINGS

Betaling ten opsigte van belastings moet maandeliks geskied op of voor die datum gespesifiseer op elke maandelike rekening welke datum die 25ste dag van die betrokke maand sal wees of indien die 25ste nie ‘n werksdag is, die eerste werksdag onmiddellik na die 25ste tensy die raad spesifiek ’n ander datum bepaal.

DEEL 3

REGSTEL VAN FOUTE EN WEGLATINGS

Wanneer belastings foutiewelik gehef is ten opsigte van 'n betrokke eiendom, hetsy weens 'n fout of weglating deur die munisipaliteit of valse inligting verskaf deur die erfeienaar of 'n oortreding van die toegelate gebruik van die eiendom, moet die belasting toepaslik aangepas word vir die tydperk vanaf die datum waarop die fout of weglating opgespoor is terugwerkend tot by die datum waarop die belastings gehef was ingevolge die huidige waardasielys. Daarbenewens, sou die fout ontstaan het weens valse inligting wat deur die erfeienaar verskaf is of as gevolg van 'n oortreding van die toegelate gebruik van die betrokke eiendom, moet rente op die onbetaalde gedeelte van die gewysigde belastings gehef word teen die maksimum koers ingevolge huidige wetgewing.

DEEL 4

FREKWENSIE VAN WAARDASIES

Die munisipaliteit moet 'n algemene waardasielys opstel soos voorgeskryf in wetgewing en 'n aanvullende lys ten minste een keer per jaar wat in werking sal tree op 1 Julie van die daaropvolgende jaar.